

KUSSINGS VIR



Dié kussings, van enige geskikte materiaal, word met gehekelde stroke versier

1. FILETSTROKE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g Pin-gouin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm; stuk wit linne van 40 x 100 cm.

AANWYSINGS: Netsteek, spasies: gevorm deur 2 ks, 1 lb; slaan 2 ste oor; ingevulde spasies: 3 lb op 3 lb of op 2 ks en 1 lb.

Beginry: 81 ks, draai.

1e ry: Hekel spasies, begin met 3 ks vir 1e lb, 2 ks, slaan 2 ks van basisry oor, 1 lb in vlg ks,

herh tot einde — 26 sps.

Raadpleeg diagram en voltooi strook tot verlangde lengte.

Wanneer filetstrook voltooi is, word dit aan materiaal vasgewerk en kussing voltooi soos gewoonlik.

2. SKUINS GEPLAASTE KANTSTROKE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 80 g Pin-

gouin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm; stuk linne van 50 x 100 cm.

AANWYSINGS: **Beginry:** 29 ks, draai.

1e ry: 1 lb in 3e ks vanaf hekelpen, 1 lb in elke ks tot einde — 27 lb.

2e ry: *1 lb, 1 ks, slaan 1 st oor*; herh tot einde — 13 sps.

3e ry: *3-lb-tr, 3 ks — hekel nou 'n dwarslêende tr deur 2 onafgewerkte lb in dieselfde st as 1e van 3 ks te plaas, garing rondom hekelpen en trek deur alle lusse; slaan 1 st van vorige ry oor en herh van * tot einde.

4e ry: *3 lb in sluit-st van tr in vorige ry, 1 ks; herh van * tot einde.

'N KATEL



5e ry: Herh 2e ry. Dié 5 rye vorm die patroon.

Hekel die stroke tot verlangde lengte en werk aan kussingootreksel vas.

3. MEDALJONSTROOK

BENODIGHEDE: Ongeveer 100 g Pingouin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm; 45 x 130 cm wit linne.

AANWYSINGS: 1e rondte: 3 ks, 6 kb in 1e ks.

2e rondte: Werk voort in gs; 2 gs in elke basis-st.



3e rondte: *1 gs in 1e st, 2 gs in vlg st; herh van *rondom.

4e rondte: *2 gs in elke st rondom.

5e rondte: *1 gs in 1e st, (1 gs, 3 ks, 1 gs) in vlg st; herh rondom — daar moet 12 puntjies wees.

6e rondte: *2 ks, 1 p, 1 ks, 1 p, 2 ks, 1 kb in gs van vorige rondte tussen 2 puntjies; herh van * rondom.

7e rondte: gs tot in middel tussen eerste 2 picots, *2 ks, 1 p, 2 ks, 1 kb in ks tussen 2 p*; herh van * tot * een keer, 2 ks, 3 p, 1 kb in ks tussen 2 p (vir hoek); herh vanaf begin nog 3 keer.



AFKORTINGS: ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; sp(s) — spatie(s); tr — trossie (= aantal langbene saam deurgetrek, hou laaste lus van elkeen op hekelpen, garing rondom pen en trek saam deur, hekel een glipsteek bo-op om te verstewig); herh — herhaal; dsl — dubbelslagsteek; p — picot (= drie kettingsteke en een kortbeen of glipsteek in eerste van kettingsteke); gs — glipsteek; grh — garing rondom hekelpen; 2 ks aan begin van rondte vervang 1 ks, 3 ks, 1 lb, 4 ks, 1 dsl.

L.W.: Dié afkortings het betrekking op al die kussings.

KUSSINGS VIR 'N KATEL

4. HOEKIGE MOTIEF

BENODIGHEDE: Ongeveer 50 g Pingouin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm; stuk linne van 40 x 120 cm.

AANWYSINGS: Beginry: 10 ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: (1 dsl, 2 ks) 14 keer in ring — 14 2-ks-sps.

2e rondte: (3-dsl-tr, 3 ks) in elke 2-ks-sp — 14 tr.

3e rondte: *1 dsl, 4 ks, slaan 2 ste oor; herh van * rondom — 21 sps.

4e rondte: *(3-dsl-tr, 3 ks, 5 dsl, 3 ks, 3-dsl-tr) alles in 1 dsl, 3 ks, slaan 1 dsl oor, 5 dsl in 4-ks-sp van vorige rondte, 3 ks, slaan 1 dsl oor; herh van * rondom — begin van 7 blommotiewe.

5e rondte: *1 dsl op 3-dsl-tr van vorige rondte, 4 ks, 2 dsl in elk van 5 dsl, 4 ks, 1 dsl in dsl-tr, 2 ks; herh van * rondom.

6e rondte: 1 dsl in 4-ks-sp, 4 ks, 4-dsl-tr in 1e 4-dsl van vorige rondte, 4 ks, begin vlg 4-dsl-tr in dieselfde st as laaste dsl van vorige tr en voltooi; 4 ks, begin 3e 4-dsl-tr in dieselfde st as laaste dsl van 2e tr en voltooi, 4 ks, 1 dsl in vlg sp, 4 ks; herh van * rondom.

7e rondte: *1 dsl in 4-ks-sp, 4 ks, 1 dsl in vlg 4-ks-sp, 4 ks, (2 dsl, 4 ks, 2 dsl) in middelste 4-dsl-tr van vorige rondte, 4 ks, 1 dsl in vlg sp, 4 ks, 5-dsl-tr in vlg sp, 5 ks; herh van * rondom.

8e rondte: 4 ks in elke sp, maar 5 kb in sps aan bopunt van elke blommotief.

9e rondte: *1 dsl bokant dsl van 7e rondte, hekel nou 1 dwarsleende 3-dsl-tr soos volg: 4 ks, 2 onafgewerkte dsl in dieselfde st as 1e van 4 ks, grh en trek deur al drie lusse, 1 gs om tr te verstewig; herh van * rondom, maar in middel van sp bo elke blommotief moet ook 'n dsl in 3e van 5 kb gehekel word, daar val dus (1 dwars dsl, 1 dsl, 1 dwars dsl) in middel bo elke blommotief.

Hekel 'n 2e motief op dieselfde wyse.





VERBINDINGSTROOK: Hekel 38 ks, draai, en in 7e ks vanaf hekelpen hekel *1 lb, 2 ks, slaan 2 basis-ste oor; herh van * tot einde — 11 spasies.

2e en daaropvlg rye: raadpleeg diagram. Werk stroke tussen roosmotiewe aan kussingootreksel vas (raadpleeg foto).

5. STROOK MET IERSE ROSE

BENODIGHEDE: Ongeveer 50 g Pingouin-hekelgaring Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm; stuk linne van 50 x 100 cm.

AANWYSINGS: Beginrondte: 6 ks sluit met gs.



1e rondte: 12 kb in ring, sluit-gs.

2e rondte: *1 kb, 2 ks, slaan 1 kb oor; herh rondom — 12 sps.

3e rondte: *(1 kb, 2 ks, 3-lb-tr) in 2-ks-sp, 3 ks; herh van * rondom.

4e rondte: (1 kb, 3 lb, 1 kb) in elke 3-ks-sp.

5e rondte: Steek hekelpen agter gevormde blomblaar van vorige rondte in en hekel 1 kb, 4 ks, 1 kb agter vlg blomblaar, herh rondom.

6e rondte: (1 kb, 7 lb, 1 kb) in elke 4-ks-sp rondom.

7e rondte: Steek pen weer agter blomblaar van vorige rondte in en hekel (1 ks, 5 ks) agter elke blomblaar.

8e rondte: (1 kb, 8 lb, 1 kb) in elke 5-ks-sp.

9e rondte: *gs tot in 1e lb van blomblaar; 1 kb in 2e lb, 3 ks, 1 kb in 5e lb, 3 ks, 1 kb in 8e lb, 3 ks; herh van * rondom — 18 3-ks-sps.

10e rondte: Soos 3e rondte.

11e rondte: *1 kb in 3 ks, 5 ks; herh van * rondom.

12e rondte: (1 kb, 5 lb, 1 kb) in elke 5-ks-sp.

Wanneer tweede roos gehekel word, moet dit soos volg aan eerste roos vasgehekel word: 1 kb, 3 lb, trek pen uit steek en plaas in 3e lb van ooreenstemmende groep op eerste lb, trek lus deur en hekel verder vas met 2 lb en 1 kb; hekel so voort (raadpleeg foto).

Wanneer strook voltooi is, moet dit aan oortreksel vasgewerk word soos gewoonlik.

6. PUNTIGE VERSIERING

BENODIGHEDE: Ongeveer 70 g Pingouin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm; stuk linne van 50 x 100 cm.

DRIEHOEK: 1e ry: 4 ks, 2 lb in dié 4 ks

2e ry: 3 ks vir 1e lb, 2 lb in 1e lb, slaan 1 lb oor, 3 lb in laaste lb.

3e ry: 3 lb in 1e lb, 1 ks, 3 lb in ks, 1 ks, 3 lb in laaste lb.

Herh daarna die 3e ry tot driehoek so groot is soos benodig.

V-VORMIGE STROOK: Begin soos driehoek en hekel 11 rye. Verdeel werk dan in twee gelyke dele en werk op eerste deel voort, vermeer altyd aan buiterand en vermin aan binnerand om V-vorm te verkry. Werk tweede deel in ooreenstemming, vorming omgekeerd.

REGUIT STROOK: Hekel 40 ks en draai.

1e ry: *3 lb in 1e basis-st, 1 ks, slaan 3 ste oor; herh van * tot einde.

2e ry: 6 ks, *3 lb in ks, 1 ks*; herh van * tot einde.

Herh die twee rye tot werk verlangde lengte is.

Werk dit daarna in posisie op kussingootreksel vas.